## VOORSTELLE VIR HOE GEMEENTES BY TOIBO BETROKKE KAN RAAK EN ONDERSTEUNING KAN BIED

TOIBO is steeds afhanklik van ons stigterslede se ondersteuning. Hiermee gee ons graag meer inligting oor hoe gemeentes en lidmate betrokke kan raak en ons saak kan ondersteun.

**Hou 'n spesiale kollekte vir TOIBO en verskaf ons inligting aan lidmate wat privaat wil skenk.**

Transoranje Instituut
ABSA
Takkode: 632 005
Tjekrekeningnommer: 020 840 145
Verwysing: Gemeente/persoon se naam
E-pos bewys en kontakbesonderhede na alta@toibo.org.za

18A-belastingaftrekbare sertifikaat is beskikbaar.

**Skenking van items. Dit werk goed om 'n "vul-'n-boks"-projek te loods waar lidmate gevra word om op 'n spesifieke Sondag een of meer van die betrokke items in die boks te gooi.**

Items wat deurentyd benodig word:

- Klerasie.
- Badsakkieprodukte.
- Nie-bederfbare voedsel.
- Skryfbehoeftes en skooltasse.

'n Lys van items is beskikbaar by TOIBO. Lidmate kan ook aangemoedig word om dit by hul kinders se skole en hul werkplekke voor te stel.

**Ondersteun LOSLITDAG**

Die Instituut neem deel via die infrastruktuur van die NCPD (National Council of and for Persons with Disabilities). Moedig die gemeente aan om hul Loslitdagplakkers by TOIBO te bestel. TOIBO kan R9 van die R20 hou vir fondsinsameling.

**Nomineer TOIBO**

Lidmate wat bewus is van spesiale geleenthede vir liefdadigheid, byvoorbeeld gholfdae, kan TOIBO by die organiseerders nomineer as 'n begunstigde.

**Maandelikse bydraes**

Lidmate kan aangemoedig word om maandelikse privaatbydraes te maak of selfs by hul werk voor te stel dat 'n maatskappybydrae gemaak word. 'n 18A-belastingaftrekbare sertifikaat is beskikbaar.

**Koopkrag and Pretorium Trust**

Gemeentes en lidmate kan maandelikse donasies (ongeag die bedrag) deur hul Koopkrag- of Pretorium Trust-rekening gee. Die TOIBO-kantoor kan gekontak word vir 'n vorm.

**Testament-begunstigdes**

Lidmate kan ingelig word dat dit moontlik is om TOIBO as 'n begunstigde in hul testament of polis te benoem. Hulle kan hul makelaar of prokureur daaromtrent nader.

**Deel ons nuus, asseblief**

Deel asseblief ons maandelikse nuusskyfie met die gemeente en die vroueaksies en versprei ons video, jaarverslag en spesiale inligting wat van tyd tot tyd deurgegee word.
Moedig die aan om TOIBO te kontak en betrokke te raak by projekte.
Moedig lidmate aan om die TOIBO-webtuiste te besoek en aan te teken vir ons nuusbriewe.
Volg ons Facebook-blad en ons WhatsApp-kanaal en bly ingelig oor ons vreugdes en uitdagings.

Uitvoerende Beampte: Mev Alta Koekemoer
Duxburyweg 174, Hillcrest, Pretoria I 076 143 6961 I info@toibo.org.za I www.toibo.org.za
Volg ons op:
https://linktr.ee/toibo.org
https://facebook.com/transoranje/ FB – Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys TOIBO)
https://whatsapp.com/channel/0029Vb6V2jK5PO0zhfJMbU1U WhatsA kanaal: **TOIBO CARES4 LSEN**

TRANSORANJE-SKOOL VIR DOWES | HOËRSKOOL MARTIE DU PLESSIS VIR FISIESE, SEREBRAAL- EN LEERGESTREMDHEDE | PRINSHOFSKOOL VIR GESIGGESTREMDES | TRANSVALIA-SKOOL VIR EPILEPSIE EN LEERGESTREMDHEDE | SONITUSSKOOL VIR GEHOORGESTREMDES